dagstukkies met Ziva

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

20 FEBRUARIE 2019

Hebreers 12:28-29
"Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees, want ons God is 'n verterende vuur."

As kind onthou ek altyd die waarskuwings van my ouers, bly weg van die vuur veral wanneer ons so om die braaivleis vure gestaan het. Ons kinders was oor en oor vermaan, kinders moenie met vuur speel julle sal brand, derhalwe het ons 'n vrees vir vuur gehad.

Die profeet Jesaja het ook die sondaars in Sion gewaarsku om weg te bly van die vuur van God. Jesaja het egter ook vir hulle die antwoord gegee hoekom die verterende vuur van God 'n baie belangrike rol speel.

Die verterende vuur is baie nodig vir elkeen wat God wil leer ken, hulle wat in geregtigheid wil wandel soek God se vuur! Vir hulle wat in hul **eie** geregtigheid wil wandel, is God se vuur nie welkom nie. Net God se vuur is die **egte en ware maatstaf** om ons werke mee te meet. Deur God se vuur word elkeen se werke geopenbaar, vroeër of later word ons werke op die proef gestel.

Mag ons vandag God se vuur **ontvang in blydskap** en dat ons eer sal betoon aan Jesus wat getrou is wanneer ons in geregtigeheid wandel. Amen

In Sy Liefde altyd